

**4 Julie**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8**

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:2**

**Geloofsblydskap: jou trane is vreugdetrane**

Hier word gepraat van blywees oor beproewings, oor swaarkry – oor dinge soos smart, bekommernis, teleurstellings, ideale wat stukkend gebreek is en waarvan die skerwe jou sny. Hoe kan dit?

Jakobus sit dit uiteen: Beproeving breek jou nie, maar bou jou. Dit verarm jou nie, maar verryk jou in die Here. Dit bring volharding en volharding bring volle geestelike rypheid. Ag dit dus selfs as louter vreugde as jy beproef word! Selfs die treurtrane kan vreugdetrane word as jy vanuit hierdie geloofsperspektief kyk na die pyn in jou hart en die skerwe in jou hand. Jy bly moedig en bly blymoedig as jy besef dat beproewings nodig is vir bou en verryking. Dit beteken nie dat jy 'n sogenaamde *smartvraat* moet word wat jou as't ware verlustig in swaarkry nie. Jou hoofaktiwiteit elke dag sou dan wees om gretig te bereken hoe swaar swáár kan wees. Die perspektief wat Jakobus open, is dat dit die krag van die blydskap in die Here is wat jou in staat stel dat jy só kan begin glo en leef: God bou my deur alles wat ek beleef.

Dan is die seer van smart en die diepsny van stukkende ideale se pyn eintlik vir jou die pyn van God se greep op jou; sy hand wat jou deur die beproewing so styf vashou dat dit eintlik seermaak! Die trane van God se kind word dan vreugdetrane!

*Sing: Psalm 119:25 (1936) Ds JP Bingle (Windhoek)*